

# HUIS MARIE

## PROSPEKTUS 2025

ELNATAN

GOD VOORSIEN



# INHOUDSOPGAWE


**KOSHUISGESKIEDENIS** 3
**DOELSTELLING** 3
**BESTUUR** 4
1. KOSHUISMOEDER 4
2. DIENSPERSONEEL 4
**TOELATING TOT DIE KOSHUIS** 5
**KOSHUISREËLS** 5
1. GEDRAGSKODE 6
2. INSPEKSIES 7
3. STILTE 8
4. ETES 8
5. STUDIE 9
6. SIEKTE / BESERINGS 9
7. WASGOED 10
8. TOEGANG TOT DIE KOSHUIS 10
9. BESOEKE EN VERLAAT VAN TERREIN 10
10. SELFONE 11
11. ALGEMEEN 11
**EIENDOM** 13
1. KOSHUISEIENDOM 13
2. PERSOONLIKE EIENDOM 13
**TYDROOSTER** 13
**BENODIGDHEDE** 14

## KOSHUISGESKIEDENIS

Tot aan die einde van 2004 was daar slegs twee koshuise op die Elnatan terrein, nl. Huis Hessie vir alle dogters van Graad 1 tot 12 en Huis Frikkie vir alle seuns van Graad 1 tot 12. Vanaf 2002 het leerlinggetalle egter drasties begin toeneem en moes daar noodgedwonge planne gemaak word vir ekstra klaskamers asook koshuisgeriewe.

In 2005 is Huis Cora in gebruik geneem om al die junior primêre leerlinge te huisves, maar aan die einde van 2005 het die direksie besef dat met die inskrywings wat reeds in was vir 2006, daar weer 'n tekort aan koshuisgeriewe vir 2006 sal wees en so het dit gekom dat daar tydens die laaste direksievergadering vir 2005 'n noodbesluit geneem is om nog koshuisgeriewe te skep vir die senior primêre leerlinge. Dit het net drie maande gelaat om hierdie nuwe koshuis te laat verrys voor skoolopening Januarie 2006. Daar is nog dieselfde dag onderhandel met *De Klerk-bouers* van Mariental en sonder enige fondse beskikbaar en net met geloof in ons Hemelse Vader dat Hy sal voorsien, het die bouwerk aan Huis Marie dae later begin. Die bou-span het bykans dag en nag gewerk, met net 'n Kersdagbreek. Met skoolopening Januarie 2006 was Huis Marie gereed om alle senior primêre leerlinge te ontvang en te sorg vir 'n veilige en geborge omgewing waar hul gelukkig kan woon en skoolgaan.

Mev. Annette Mostert is aangestel as die eerste koshuismoeder, maar soos alle koshuise op die terrein, moes ook hierdie koshuis 'n naam kry. Dit was nie 'n moeilike besluit vir die direksie nie en daar is eenparig besluit om Mev. Marie Esterhuysen, wat van die ontstaan van Elnatan by die skool betrokke was en baie diep spore op verskeie gebiede by die skool getrap het, hiermee te vereer. So het die koshuis sy naam gekry: Huis Marie.

Met die oprigting van Huis Marie is 'n droom verwesenlik en 'n kringloop voltooi: om aparte koshuise vir die onderskeie groepe in die skool te verskaf en aan elke leerling 'n ideale opvoedkundige omgewing te gee om in te woon. Vier koshuise was nou op die terrein wat ongeveer 400 kosgangers kon akkommodeer. Met die aanvang van 2006 was hierdie koshuise reeds bykans gevul. Dit het 'n geweldige verantwoordelikheid op elke personeellid geplaas wat deur die jare met groot onderskeiding uitgevoer is. Ons salueer elkeen van hierdie mense wat 'n deel van hulle lewe vir hierdie groot taak gegee het.

## DOELSTELLING

Huis Marie streef daarna:

- om elke leerling te help om hul vlerke wyer te sprei deur in 'n veilige en huislike atmosfeer te leer om meer selfstandig en selfverantwoordelik te word.
- om met mekaar 'n hegte en vertrouensband te bou om sodoende mekaar in alle omstandighede positief te ondersteun en te motiveer.

Die koshuise is die hartklop van die skool en is ryk aan tradisie en Christelike waardes. Ons waardesisteem skep 'n standvastige fondasie van respek, integriteit en selfdissipline.

# BESTUUR

## 1. KOSHUISMOEDER

Die koshuismoeder tree op as die uitvoerende bestuur van die koshuis en inwonende leerlinge: beide seuns en dogters. Alle navrae kan aan die koshuismoeder gerig word. Koshuismoeder doen ook diens.

Mev. Mariana Botma
081 318 0265



## 2. ANDER DIENSPERSONEEL

Huis Marie volg ŉ rotasie-model vir diensbeurte. Dit behels dat ŉ personeellid een maal ŉ week en elke vierde naweek aan diens is.

Mev. Tanya Blankestijn
081 6191950

Me. Carene Oberholzer
081 388 6441





### Dienspersoneel sien om na:

- ALLE koshuissake – soos diefstal, koue water, breekskade, dissipline, bakleiery, rook, drank, dwelms en *uitglip*.
- Klokke op vasgestelde tye lui.
- Sien toe dat leerlinge presies weet wie op gang-, badkamer- en kamerdiens is.

- Die toesighouer wat die naweek diens doen, moet alreeds Sondagmiddag 16:00 by die koshuis wees. Indien iemand vroeër wil inkom, kan ŉ reëling met die persoon aan diens getref word.
- Sien toe dat alle kamers ŉ besem en asdrom het.
- Hou inspeksies soggens voor skool en saans na studie.
- Inspeksie word deur die toesighouer aan diens gedoen.
- Sien toe dat stiltetye eerbiedig word.
- Moedig mooi tafelmaniere in die eetsaal aan.
- Sien toe dat leerlinge alreeds voor ontbyt reg aangetrek is.
- Sien toe dat leerlinge slegs op die gras voor Huis Marie en by die tjokker veld kuier en dat hulle hulself gedra soos dit betaam en niemand aanstoot gee nie.

## TOELATING TOT DIE KOSHUIS

Aansoek om toelating tot die koshuis moet op die voorgeskrewe inskrywingsvorm aangeteken word.

ŉ Leerder kan toelating tot die koshuis geweier word indien:

- Sy / haar gedrag van so ŉ aard is dat dit indruis teen ŉ behoorlike peil van sedelikheid en/of die sosiale welsyn van die skool of koshuis in gevaar stel.
- Hy / sy herhaaldelik reëls oortree.
- Hy / sy, na die mening van die hoof en beheerliggaam, een enkele daad of reeks dade van laakbare aard begaan.
- Hy / sy op enige manier betrokke is by die gebruik en/of smokkel van verbode middels op die skool- en/of koshuisterrein.

## KOSHUISREËLS

Koshuisreëls is noodsaaklik vir die handhawing van goeie dissipline en orde. Die leerlinge se gedrag moet ten alle tye onbesproke wees. By Elnatan betoon ons respek teenoor personeel, skoolmaats en werkers.

Aangesien die effektiewe werking van 'n koshuis op dissipline, samewerking en spangees berus, is dit vanselfsprekend dat reëls streng toegepas word. Ouers word vriendelike versoek om hul volle ondersteuning in dié verband te gee.

ALLE koshuissake – soos diefstal, koue water, breekskade, dissipline, bakleiery, rook, drank, dwelms en uitglip moet eerstens aan die diensdoende personeellid gerapporteer word, alvorens dit met enige ander persoon of op ŉ vergadering bespreek word.

## 1. GEDRAGSKODE

Ek besef dat dit ’n voorreg is om my skoolloopbaan by Privaatskool Elnatan voort te sit en daarom belowe ek om:

- my beste vir die skool te lewer;
- hoë prioriteit aan my skoolwerk te gee; en
- die skoolreëls ten alle tye te gehoorsaam.

Ek beroep my op die respek en verdraagsaamheid van my onderwysers en daarom beloof ek om my beste vir onderwysers te gee deur:

- stiptelik vir my klasse en buitemuurse aktiwiteite te wees.
- opdragte i.v.m. die akademie getrou en tot die beste van my vermoë uit te voer.
- ten alle tye respek aan meerderes en onderwysers te betoon.
- die gesag bo my aangestel, te respekteer.

Privaatskool Elnatan het ’n waardige naam en geskiedenis en daarom onderneem ek:

- om ongeag waar ek is, so op te tree dat die skool se goeie naam nie skade ly nie.
- om die beeld van die skool uit te dra en te bevorder.
- om eiendom van die skool en ander instansies te respekteer en op te pas.
- om ’n voorbeeld te stel met my optrede en taalgebruik binne en buite die skoolgronde.
- om skoolaktiwiteite ten volle geklee in my skooldrag by te woon soos in die skoolreëls voorgeskryf.
- om aanvaarbare kleredrag en voorkoms op die skoolgronde, -uitstappies en -toere te handhaaf.

Ek is ’n individu in eie reg en daarom sal ek:

- my weerhou van enige negatiewe gedrag, skinder en kwaadpraat van onderwysers, ouers en mede-skoliere.
- my maats ondersteun en saam bou aan die Elnatan-beeld.
- bedagsaamheid teenoor my minderes toon.
- streef om eerlikheid, vriendelikheid en stiptelikheid uit te leef.
- beginsels waarop die skool gevestig is, ten alle tye uit leef en ’n voorbeeld vir mede-skoliere wees.

Ek besef dat dissipline nie daar is om my te beperk nie, maar wel ŉ veilige ruimte skep waarin ek as individu in totaliteit kan ontwikkel en daarom onderneem ek om:

- die skoolreëls te bestudeer, te respekteer en tot die beste van my vermoë na te kom.
- my te onderwerp aan die dissiplinêre kode wanneer nodig.
- in alle opsigte ŉ onberispelike voorbeeld te stel.

Privaatskool Elnatan gee ŉ ereplek aan God en Sy Woord. As ŉ leerling van hierdie skool bely ek ŉ Christelike lewe en strewe soos in die Woord weerspieël. Ek glo om die Here te dien, is wysheid. Ek onderneem om niks te doen wat hierdie grondslag sal weerspreek of skade berokken deur my optrede binne en buite die skool nie.

## 2. INSPEKSIES

- Met oggend- en aandinspeksie moet elke koshuisganger reeds klaar aangetrek langs hul bed staan en die kamer netjies wees.
- Persone op gang diens moet sorg dat die gange met oggend- sowel as aandinspeksie gevee is.
- Badkamers moet tydens inspeksie gekontroleer word.
- Leerlinge is self verantwoordelik vir die vee van hul kamers, gange en badkamers volgens diensrooster.
- Witlapinspeksies word deur die koshuismoeder gedoen.
- Terwyl inwoners sport in die middag bywoon, moet kamers netjies gelaat word.
- Sporttoerusting moet netjies in kaste of in stoorspasie soos verskaf, gestoor word.
- Alle persoonlike en duur eiendom van die leerling bv. ŉ horlosie of geld moet te alle tye in die leerling se kas toegesluit wees.
- Gereelde kamerinspeksies sal deur diensdoende personeel uitgevoer word.
- Badkamers en toilette moet skoon gehou word en enige foutiewe funksionering moet dadelik aan die toesighouer gerapporteer word.













## 3. STILTE

- Daar is elke dag 2 stiltesessies vir Bybelstudie, ŉ oggend- en aandsessie.
- Dit is belangrik dat elke leerling hierdie stiltetyd respekteer en mede-leerders geleentheid gee om godsdiens te beoefen.

## 4. ETES

Die leerlinge ontvang 3 gebalanseerde etes per dag. Afgesien van die etes, is die snoepie tydens pouse en namiddae oop. Die leerlinge kan ook hul eie peuselgoed saambring.

- Etenstye:

| | Oggend | Middag | Aand |
|---|---|---|---|
| Normaal | 6:15 | 13:00 | 17:45 |
| Eksamentyd | 6:45 | 12:00 | 17:45 |

- Die toesighouer aan diens moet te alle tye in die eetsaal wees gedurende etes.
- Graad 6 leerlinge skep op volgens ’n bepaalde rooster.
- As die etensklok lui, tree almal voor die koshuis in rye aan. Daarna sal die toesighouer die leerlinge ordelik laat stap na die eetsaal waar voor die eetsaal gebid word.
- Geen koffie/tee/koeldrank/water mag in bottels gegooi word om later te drink nie.
- Geen eetgerei of kos, behalwe vrugte, mag uit die eetsaal verwyder word nie.
- Siek kinders se etes moet deur die toesighouer met die matrone gereël word.
- Geen leerlinge mag voor, tydens of na ete in die kombuis kom of deur die kombuis loop nie, hoewel kinders op spesiale diëte in die kombuis mag kom tydens etes.
- Siek leerlinge kan na ete na die matrone gaan vir medikasie.
- Leerlinge dek alle skottelgoed self af. Tafelhoofde sien toe dat dit ordelik geskied.
- Alle leerlinge moet te alle tye netjies geklee wees. Seuns moet hemde met moue aan hê. Meisies moet skaflike klere aanhê.

- Die tafelmaniere van leerlinge moet ten alle tye onberispelik wees.
- Daar mag geen kos gegooi, gemors of mee gespeel word nie.
- Geen leerlinge mag by ander kos bedel of afvat nie.
- Geen leerling mag die tafel verlaat binne 15 minute van aanvang van ete nie. Toesighouers gee na 15 minute toestemming om die eetsaal te verlaat. Toesighouers kyk dat eetsaal netjies agtergelaat word.

## 5. STUDIE

- Studietye saans is as volg: 18:30 – 19:45 Geen breek.
- Elke studiesaal moet ’n lêer wat die tafeluitlegte, afwesighede, waarskuwings en oortredings aandui, hê. Wanneer ’n personeellid ’n leerling skuif moet dit aangeteken word.
- ’n Leerling skakel die ligte af en maak die deure toe soos op die diensrooster.
- Studiesale moet netjies agtergelaat word. Vyf minute voor studie eindig, moet die studiesaal netjies opgeruim word, waarna leerlinge verdaag.
- Geen leerling sal toegelaat word om tydens studie toilet toe te gaan nie, tensy dit ’n noodgeval is. Leerlinge sal ook nie toegelaat word om te gaan water drink nie. Sorg dat jy sneesdoekies saamneem.
- Leerlinge mag ’n Afrikaanse / Engelse storieboek lees indien AL sy / haar huiswerk voltooid is.
- Geen etery word tydens studie toegelaat nie en slegs botteltjies water word toegelaat.
- Leerlinge wat siek voel moet na die matrone gestuur word. Slegs leerlinge wat deur die matrone afgeboek is mag die studiesaal verlaat.

## 6. SIEKTE / BESERINGS

- Indien inwoners siek voel, moet hulle dit rapporteer aan die persoon aan diens. Persone aan diens sal dit aan die matrone rapporteer. Niemand mag sonder toestemming in die kamer bly nie.
- Wanneer ’n leerder siek rapporteer, sal ’n afspraak by ’n dokter gereël word, indien nodig.
- Leerders wat by die skool ongesteld raak, moet eers by die HOD en daarna by die matrone toestemming kry om koshuis toe te gaan.
- Siek kosgangers sal deur die matrone in die koshuis geplaas word en etes sal daar aan hulle verskaf word.
- Die koshuis beskik slegs oor die mees algemene tipes medikasie. Ander middels wat voorgeskryf of benodig word, asook ander hulpmiddels soos krukke, moet deur ouers voorsien word.

- Indien inwoners ŉ besering opdoen, moet die koshuismoeder of matrone dadelik in kennis gestel word.
- Medisyne word in ŉ kas toegesluit en beheer deur die persone aan diens.

LW: Inwoners wat siek rapporteer, moet tot die volgende oggend in die bed bly. Elke probleem sal egter op meriete hanteer word. Verlof om op te staan, moet by die koshuismoeder verkry word.

## 7. WASGOED

Leerders wat nie tydens ŉ naweek huis toe gaan nie, kan sy / haar wasgoed by die kombuis ingee om gewas te word. Hierdie reëling is slegs vir leerlinge wat inbly in die koshuis of wat nie huis toe kan gaan nie a.g.v. sportverpligtinge.

Leerders moet seker maak hul klere is duidelik gemerk.

## 8. TOEGANG TOT DIE KOSHUIS

- Geen leerders word gedurende die skooldag in die koshuis toegelaat nie, behalwe met toestemming van die koshuismoeder.
- Die koshuisdeure word gedurende skooltyd gesluit, sodat die kosgangers en hul besittings teen gevare van buite beskerm word.
- Leerders mag onder geen omstandighede van enige ander uitgang of venster as die hoofdeur gebruik maak nie.
- Die koshuis sal gedurende sportbyeenkomste gesluit wees en kosgangers sal eers na die dag se verrigtinge die koshuis kan binnegaan.
- Koshuise sal Sondae om 16:00 open na ŉ uit naweek en naweke wat geen leerders inbly nie.

## 9. BESOEKE EN VERLAAT VAN TERREIN

- Ouers mag enige tyd hul kind besoek. Hierdie reëling geld slegs vir ouers. Dit sal egter op prys gestel word indien ouers nie tydens studietye of maaltye besoek sal aflê nie.
- Geen inwoner mag die koshuisgronde sonder die toestemming van die diensdoende personeellid verlaat nie.
- Geen besoekers mag die koshuis binnegaan nie. Die leerling mag wel met sy ouer of voog vergesel word.
- Geen koshuisganger mag Sondae die terrein verlaat nadat hy afgelaai is nie

## 10. SELFONE

- Selfone is toelaatbaar mits dit korrek gebruik word.
- Selfoontye: Daagliks van 17h00 – 18h25 maar mag nie eetsaal toe geneem word nie.
- Indien ŉ leerling ontoelaatbare gedrag toon op sy/haar selfoon, sal die foon vir ŉ kwartaal afgevat word en ouers sal in kennis gestel word.
- Selfone word in ŉ kluis toegesluit tydens nie-selfoon ure.
- ŉ Selfoon leier word in elk van die koshuise aangestel aan die begin van die jaar. Dit is ŉ graad 6 leerling.

## 11. ALGEMEEN

- Inwoners moet daarop let dat die koshuis soms deur toergroepe of tydens toernooie deur ander leerders gebruik word. Dit mag daartoe lei dat inwoners versoek mag word om hul kamer te ontruim. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore of beskadigde goedere indien sulke kamers dan nie ontruim word nie.
- Geen inwoner mag van kamer verskuif sonder toestemming van die koshuismoeder nie.
- Leerders besoek nie ander se slaapkamers indien hulle nie daar is nie.
- Geen besittings van enige leerder mag sonder verlof gebruik of verwyder word nie.
- Ouers moet ten alle tye verlof verleen aan kosgangers voordat hulle saam met ander mense per voertuig reis of agter op ŉ motorfiets ry.
- Skakel radio's en ligte af wanneer jy jou kamer verlaat.
- Geen gekleurde hare, onnatuurlike haarstyle, enige vorm van 'body piercing', arm- of nekkettings of donkerbrille word toegelaat nie.
- Geen los elektriese drade mag op die kamervloer rondlê nie.
- Geen troeteldiere mag in die koshuis aangehou word nie.
- Daar word van die leerders verwag om hul koshuisouers in hul woonstel te kom groet wanneer hulle met vakansie vertrek en ook weer by hul terugkeer.
- Geen plakkate word op die mure geplak nie. Dit word wel aan die binnekant van die kaste toegelaat indien die kas nie beskadig word nie.
- Leerders in skooldrag moet te alle tye netjies wees, met netjies gekamde hare en skoon gepoetste skoene.
- Dit word van elke kosganger verwag om op akademiese gebied sy kant te bring.
- Sluit alle waardevolle besittings voor skool toe.
- Die dra/saamneem van selfone in die klaskamer, studie-en eetsaal is verbode. Skuldiges se fone word summier gekonfiskeer.

- Dit is elkeen se plig om sy ouers op hoogte van die koshuisreëls te hou. Geen leerling, wat nie ’n kosganger is nie, word in die kamers toegelaat nie.
- Die drag van koshuisgangers sal te alle tye deur die toesighouer gemonitor word.
- Indien ’n leerder se uitrusting onvanpas is, word die reg voorbehou om hom/haar terug te stuur.
- Indien ’n kosganger die naweek in die koshuis inbly, moet sy ouers die toesighouer skriftelik in kennis stel. Dit kan per e-pos of *Whatsapp* na die toesighouer aan diens gestuur word. Leerders mag gedurende die week slegs uitslaap indien dit saam met sy ouers is.
- Die toesighouer sien toe dat ligte af is met ligte uit. Soggens wanneer almal skool toe gaan, moet die toesighouer toesien dat die kamerligte af is.
- Hou by die voorgeskrewe swemtye en versorg swemklere na die tyd. Geen klere/swemklere mag nog sigbaar hang met oggendinspeksie nie. Swemklere en handdoeke mag nie oor kasdeure of in badkamers gehang word nie. Alle nat klere word op die wasgoeddraad gehang. Geen bikini’s of speedo’s sal toegelaat word nie.
- Rook, steel, vandalisme, vuil taal, alkohol en dwelms is verbode praktyke in die koshuis. So ook die snuif/inasem van petrol, *thinners*, onderarmspuitgoed en enige ander soortgelyke middels.
- Binne die koshuisgebou mag daar nooit gehardloop word nie. Dit geld ook vir handdoekslanery, stoeiery, watergooiery en ander rowwe speletjies. Beddens word nooit omgedop nie en geen beddens mag teen mekaar geskuif word nie.
- Koshuisgangers word geldelik aanspreeklik gehou vir die kamer wat aan hulle toegesê is. Leerlinge betaal die onkoste verbonde aan die breek van ruite, bedplanke, klerehakke en ander skooleiendom.
- Geen spykers of drukspykers mag in die mure, deure of meubels geslaan word nie.
- Elke leerling wat iets breek, sien dat ’n ander iets breek, merk dat iets gebreek is of weet van diefstal, moet dit onmiddellik by die toesighouer aan diens aanmeld.
- Leerlinge wat klere en toerusting in die koshuis gedurende vakansies los, doen dit op eie risiko. Die skool kan nie verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie.
- Merk veral skoolklere en sweetpakke duidelik.
- Alle kaste moet ontruim wees gedurende vakansies en termynbreke en kaste mag ook nie gesluit wees nie.
- Naweke sluit die koshuis vir leerlinge wat inbly vanaf middagete tot 15:00.
- Alle kragpunte in kamers moet gedurende skooltyd afgeskakel wees.
- Klere wat deur die koshuis gewas word, moet duidelik gemerk wees.
- Geen waaiers word toegelaat nie.

# EIENDOM

## 1. KOSHUISEIENDOM

- Koshuiseiendom moet versorg word asof dit aan jou behoort en mag onder geen omstandighede verwyder word van waar dit hoort nie.
- Elke inwoner word verantwoordelik gehou vir sy bed, matras en kas.
- Enige skade aan meubels of die gebou moet dadelik aan die koshuismoeder gerapporteer word en daar sal van die verantwoordelike inwoner verwag word om dit te herstel of vervang.
- Die koshuisgronde en -geboue moet te alle tye in 'n netjiese toestand gehou word.

## 2. PERSOONLIKE EIENDOM

- Koshuispersoneel aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige koshuisinwoner se eiendom wat beskadig of verlore raak nie. Sluit waardevolle items toe in 'n kas. Dit word aanbeveel dat sleutels deur die leerder gehou word.
- Spaarsleutels moet by die koshuismoeder ingehandig word.
- Alle kaste moet gesluit gehou word.
- Hou kontant op jou persoon of gee dit vir die koshuismoeder om weg te sluit.

# TYDSROOSTER

| | AS SKOOL 7:00 BEGIN | AS SKOOL 7:30 BEGIN | AS SKOOL 8:00 BEGIN |
|---|---|---|---|
| **OPSTAAN** | 5:30 | 6:00 | 6:30 |
| **INSPEKSIE** | 5:50 | 6:20 | 6:50 |
| **STILTE** | 6:00 | 6:25 | 7:00 |
| **AANTREE** | 6:10 | 6:40 | 7:10 |
| **ONTBYT** | 6:15 | 6:45 | 7:15 |
| **MIDDAGETE** | 13:00 | 13:00 | 13:00 |
| **SELFONE UIT** | 17:00 | 17:00 | 17:00 |
| **AANDETE** | 17:45 | 17:45 | 17:45 |
| **SELFONE IN** | 18:25 | 18:25 | 18:25 |
| **STUDIE** | 18:30 | 18:30 | 18:30 |
| **STUDIE VERDAAG** | 19:45 | 19:45 | 19:45 |
| **INSPEKSIE** | 20:00 | 20:00 | 20:00 |
| **STILTE** | 20:10 | 20:10 | 20:10 |
| **LIGTE UIT** | 20:20 | 20:20 | 20:20 |

## BENODIGDHEDE

| | |
|---|---|
| Beddegoed vir 'n enkelbed (760 mm) | • 2 paslakens<br>• 1 duvet<br>• 1 duvet-oortreksel<br>• 1 kussing<br>• 2 kussingslope<br>• kombers vir die winter |
| Handdoeke | • 2 (swem & stort) |
| Klerehangers | • vir skoolklere, baadjie en sweetpak |
| Toiletware | • Toiletsakkie met persoonlike toiletware<br>• Toiletsakkie moet 'n hakie hê sodat dit kan hang (vir ventilasie) |
| Medisyne | • Slegs indien 'n leerder spesifieke medikasie gebruik, en verder net die nodigste: pleisters; pyn medikasie; maagpyn; naar; diarree; allergie; verkoue; hoes; en salf indien nodig. |
| Selfoon | • Laaier<br>• Tweepunt-kragprop |
| Skoonmaak van skoene | • Skoenborsel<br>• Swart skoenpolitoer |
| Koffiebeker | • Opsioneel |
| Slot | |
| Bybel | |
| Muskietweerder & Net | • Opsioneel |